# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (39/14)

*Justin Chadwick (10 Oktober 2014)* **Volg my op twitter: justchad_cga**

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Always borrow money from a pessimist. He won't expect to be paid back" Oscar Wilde***

## BRAAIVLEIS PRAATJIES

Welgedaan aan die Bokke vir 'n heldhaftige vertoning teen die All Blacks – so 'n oorwinning is 'n harde geveg en word lank onthou. Ook welgedaan aan die Argentynse Poemas vir hul eerste oorwinning in die Castle Lager Rugby Kampioenskappe.

## TITELAKTE NOMMER WORD VIR 2015 MARK-REGISTRASIES BENODIG

Die definisie van 'n produksie-eenheid is 'n plaas wat deur een titelakte verteenwoordig word. DAFF is bekommerd dat sommige produsente verskeie produksie-eenheidkodes (PUCs) vir 'n enkele plaas geregistreer het. Daar sal van produsente verlang word om hul titelakte as deel van die registrasieproses in te sluit. DAFF sal dan kontroleer of die titelakte nommers korrek is. Produsente wat per ongeluk 'n aantal PUCs vir 'n enkele plaas geregistreer het, word aangeraai om die PUCs by DAFF te deregistreer. Produsente wat plase huur, moet die titelakte nommer van die eienaar verkry. Behoorlike identifikasie van produksie-eenhede is 'n integrale deel van die "CBS Risk Management System (RMS)" – die onvermoë om 'n titelakte nommer te verskaf sal geen registrasie beteken, en verkeerde titelakte nommers sal as bedrog beskou word en die gepaste aksies sal deur DAFF toegepas word.

In die geval waar daar een PUC geregistreer is en die produksie-eenheid dek 'n paar titelaktes, is dit slegs nodig om een titelakte nommer in te sluit tydens die registrasieproses.

## VSA LANDBOU ATTACHE: VERGADERING 23 OKTOBER 2014

Eric Wenberg - Landbou Attache van die VSA in Pretoria sal met die produsente by die The Junction, Letsitele vanaf 10:00 op Donderdag 23 Oktober vergader. Eric het aangedui dat sy aanbieding die volgende sal insluit:

* Die Globale Sitrus-situasie – sluit die VSA se globale voorspelling vir die komende jaar in,
* Potensiaal en voorspelling van groei in verbruikersaanvraag vir tuinboukundige en spesiale gewasse in Sub-Sahara Afrika.
* VSA uitvoere na groeiende nuwe middelklas verbruikersmarkte soos Indië en China, en wat SA moontlik kan kan leer van Amerikaanse blootstelling.
* Toegang tot die VSA - mark vir vars vrugte, belangrike opdaterings oor bemarking en beleide
* Enige ander sake

RSVP asseblief aan Gloria@cga.co.za – verversings sal vanaf 09:30 beskikbaar wees en ons moet weet vir hoeveel om voorsiening te maak.

Hierdie is 'n unieke geleentheid om die VSA Attache te ontmoet – benut asseblief die geleentheid.

## GEPAK EN VERSKEEP

Soos die seisoen tot 'n einde kom is daar altyd belangstelling in die vloei van die handel. Moeilike toestande in Europa het tot gevolg gehad dat 14% minder Suid-Afrikaanse sitrus na daardie mark gegaan het. Beide Valencias en nawels se volumes het met 14% afgeneem; terwyl pomelo's se volumes met 33% verminder het. Sagte sitrus se volumes na die EU het effens (2%) toegeneem terwyl suurlemoene se volumes met 29% toegeneem het (in 2013 is baie min suurlemoene na die EU uitgevoer). Dit kan vergelyk word met 'n afname in uitvoervolume (vanaf Suid-Afrika na alle markte) van 3%; pomelo's is af met 16%, nawels met 1% en Valencias met 5% terwyl suurlemoene met 22% toegeneem het en sagte sitrus met 15%. Die verminderde volumes na die EU is deur Asië opgemaak waar die totale volumes met 29% toegeneem het (vanaf 240 000 tot 315 000 ton). Pomelo volumes na Asië het met 10% toegeneem, suurlemoene en sagte sitrus se volumes het verdubbel terwyl nawels se volumes met 44% toegeneem het en valencias met 15%. Midde-Ooste (330 000 ton), Noord-Amerika (105 000 ton) en Afrika (15 000 ton) se uitvoervolumes het almal onveranderd gebly. Soortgelyk aan die EU, het Oos-Europa se volumes ook afgeneem – met 10%; pomelo's af met 10%; nawels met 31%; sagte sitrus met 13% en Valencias met 4%. Suurlemoene het met 2% toegeneem.

Suid-Afrika het opgehou om vir Europa te pak vanaf die einde van week 36 (behalwe vir die Pesvrye Areas en sagte sitrus); PPECB se syfers toon dat 12% minder lemoene na die EU verskeep is (sedert einde week 36) as tydens dieselfde periode verlede jaar.

| Tot Week 41 **Miljoen 15 Kg Kartonne** | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste voorspelling (gepak) | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2012 | 2013 | 2014 | 2013 | 2014 | 2014 | 2014 | 2013 |
| Pomelo's | 13.1m | 17.9 m | 15.6 m | 17.8 m | 14.8 m | 16.5 m | 15.6 m | 17.9 m |
| Sagte Sitrus | 7.6 m | 8.4 m | 9.9 m | 8.4 m | 9.6 m | 9.2 m | 10.1 m | 8.4 m |
| Suurlemoene | 10.5 m | 10.5 m | 13.1 m | 10.5 m | 12.9 m | 12.1 m | 13.5 m | 10.6 m |
| Nawels | 24.6 m | 25.4 m | 26 m | 25.4 m | 26 m | 25.8 m | 26 m | 25.4 m |
| Valencias | 45.2 m | 49.7 m | 48.6 m | 45.1 m | 42.5 m | 49.5 m | 48.6 m | 51.4 m |
| Totaal | 101 m | 111.9 m | 113.2 m | 107.2 m | 105.8 m | 113.1 m | 113.8m | 113.7 m |